



# Gesinne in Harmonie

Volume 16, Julie 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Liewe Ouers,

In hierdie afgelope yskoue paar weke het ek weer van nuuts af bewus geraak van hoe bevoorreg ek is om warm klere te hê, 'n warm bed om in te slaap en sommer net al my voorregte.

Op pad huis toe ry ek elke dag min of meer dieselfde roete - soos die meeste van ons - en op een van die straathoeke staan 'n man daaglik en bedel vir 'n inkomste.

Wat my opval, is dat hy altyd 'n glimlag deel, al moet hy in baie pyn wees, want sy hande is kromgetrek, sy heupe skeef, een been korter as die ander een - alles as gevolg van 'n ongeluk jare gelede.

Sy hande is ook nie meer 'volledig' nie - van sy vingers is nie daar nie. Sy lewe bestaan dus uit bedel, want met sy stukkende hande kan hy geen werk doen nie.

Hoewel hy moeisaam beweeg - en dit natuurlik in die koue weer nog meer pynlik as gewoonlik moet wees - is sy lewensblye glimlag

opvallend.

Die ironie van die lewe van hierdie man kom dus in my gedagtes op - lewensblyheid ten spyte van sy omstandighede. Hy wat so baie het om oor te kla, bly elke dag vriendelik vir almal waai, want sien, dis sekerlik nie net ek wat elke dag dieselfde paadjie ry nie.

Vroeër die maand ry daar 'n klein rooi motortjie voor my. Twee ouerige mense met 'n volgelaide motor. Die vrou reik agtertoe en haal 'n pakkie mielies en 'n toebroodjie uit tussen die ander inkopies. Dan nog van dieselfde. Sy trek die pryse af en wys dit vir haar man.

By dié spesifieke verkeerslig stop die rooi motortjie en word die kospakkies vir die man met die stukkende lyf en die heel glimlag gegee. En dan die ander pakkie vir die koerantverkoper op dieselfde hoek.

*Saam in Sy diens,*

Lita

## Notas vir die yskas

### Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50—10:15 in Kerksaal

♦ 22 en 29 Julie - gewone klas

Let wel:

Ons doen ook die 40-dae reeks met die kinders en het dus 'n reeks van 6 lesse wat 'n geheel vorm

### Manne-Oase

Hou die Rietnuus Sondae dop vir aankondigings - daar word een maal 'n kwartaal 'n samekoms spesiaal vir ons manne gereël.

Kontak Pieter Malan (details op die agterblad)

KONFERENSIE VIR  
**ENKELLOPERS**  
20-21 JULIE 2012

KOSIE R150pp

**TEMA**  
HARTTOTHART

HANLIE MEYER	RITA MALAN	JOHAN SMITH
ROELF SCHOEMAN	HELENA VAN EMMENIS	RASSIE FOURIE

BESPREKINGS:  
Alisha: 012 297 8088  
alisha@moreleta.co.za

MORELETAPARK GEMEENTE  
www.moreleta.org

Moot Care & CMR Moot  
bied aan **Piet Smit**  
026

met musiek, ligte ete, koeldrank, koffie/tee ingesluit, en uitstallars...

Datum: 27 Julie 2012  
Tyd: 18h30 vir 19h00 tot laat  
Plek: Hoërskool Oos Moot  
vir navrae: Tel (012) 330 0632

Volwassene R100  Kind R50

### Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: [mootcare@vodamail.co.za](mailto:mootcare@vodamail.co.za)



*Maar jy, bly jy by wat jy geleer het en vas glo.  
Jy weet tog wie jou leermeester was en jy ken van  
kleins af die heilige Skrif.*

*2 Timoteus 3:14-17*



# Gesinne in Harmonie

Volume 16, Julie 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Skoolvakansies - 'n nagmerrie of vreugde?

"Ma, ek is verveeld. Ma, wat kan ons doen? Ma, hier is niks om te eet nie. Ons gaan ook nooit nêrens nie, Ma, hoekom gaan ander kinders altyd weg vir vakansie, net ons nie?"

Jy wil nog eintlik sê dat mens nie praat van 'nooit nêrens' nie, maar dat dit 'nooit êrens nie' moet wees, maar besluit dan dat dit tog nie die moeite werd is nie. Hulle luister in elk geval nie.

Skoolvakansies is vir party van ons 'n heerlike vooruitsig en vir ander iets waarna ons al van die vorige een af na opsien.

Vir enige ouer behels vakansies sekerlik ekstra beplanning, ekstra geld, ekstra reëls, ekstra monde om te voed, soms hoofpyne en soms maagpyne.

Maar dit hang natuurlik ook af van jou omstandighede, finansies en beplanning.

Daar is darem die positiewe kant ook - geen skooltake nie, geen gestoei met huiswerk in die aand nie en geen gesukkel soggens om almal betyds uit die bed te kry en aangetrek in die motor te kry nie.

En 'n bietjie ekstra tyd saam met jou eggenoot en kinders is altyd 'n 'bargain'! Dalk is dit al wat jy self ook nodig het om jou eie 'sanity' te behou en weer bande te bou met jou woelige kleuter of nukkerige tiener.

Dit hoef ook nie ekstra te kos nie!

- Sit bietjie die TV af vir 'n week lank en lees vir mekaar uit jul gunsteling-boeke iets voor of speel sommer Monopoly of Uno of Trivial Pursuit
- Steek kerse op en maak saam hamburgers vir aandete en sit almal saam om die tafel
- Wat van 'n regte outydse kermisbed? Gooi die matrasse op die vloer in die sitkamer en maak 'n regte familie-kermisbed en slaap met jou kinders onder jou vlerke!
- Saam kleinkoekies bak - ja, verdra maar die gemors en help agterna almal met die skoonmaak. Dis Kodak-oomblikke wat jy nooit weer kan herhaal nie!
- Beplan saam aan iets kreatiefs - gebruik afvalpapier of -karton en bou saam aan iets soos 'n voëltjie-restaurant en gee dan saam die voëltjies kos en hou hulle saam dop

Dink daaraan: God gee vakansies met 'n doel - nie net vir rus nie, maar ook om weer tyd saam met mekaar deur te bring!

[www.tuishulp.co.za](http://www.tuishulp.co.za)

Skryf gerus in op hierdie webtuiste om hul nuusbrief te ontvang per e-pos. Hulle gee praktiese raad vir ouers in die Suid-Afrikaanse opset en oor die kurrikulum en het hordes hulpmiddele wat hulle beskikbaar stel.

### Uit die nuutste nuusbrief:

"Hier is 'n paar idees vir winter-aktiwiteite:

- Skaf 'n moeilike *legkaart* aan en hou 'n tafel in die huis uit net vir *legkaart*-bou. Almal wat lus het, kan kom saambou en dit raak 'n heerlike gesinsaktiwiteit
- Bak *koekies*
- Vul 'n *blokkiesraaisel* in. Daar is heelwat in tydskrifte en die lekkerste is natuurlik om dit saam met Oupa of Ouma te doen!
- Pak 'n *projek* aan: bou 'n dorpie van ou kartonbokse of maak musiekinstrumente vir 'n orkes
- Besoek *interessante plekke* in die omgewing: vuurtorings, museums en biblioteke
- Besoek 'n handwerkwinkel en koop wol en breipenne. Laat elke kind handskoene *brei*. As die kinders klein is, laat hulle tolletjie-breie
- Laat die kinders *verf*
- Maak gebruik van talle *spesiale winteraanbiedinge* en vertonings

Ek lees nou die dag iewers dat dit baie goed is as kinders sê "Ek is verveeld", want dit beteken hulle kan kreatief dink oor hoe en wat om te speel. Volgende keer as jou kind verveeld is, ignoreer hom en laat hy self sy speletjies uitdink."

Vir ons wat in Pretoria is, wil ek byvoeg:

Wanneer laas was jy in ons Dieretuin? Daar is lieflike nuwe ontwikkelinge en parkering kos net R20/dag/voertuig. Die toegangsgeld is nou R40/kind en R60/volwassene en daar is volop piekniek- en braaiplek.

Pak jou piekniekmandjie en gaan kuier saam met jou kinders tussen die vreemde en minder vreemde diere, neem foto's en maak 'n vakansieplakboek vol herinneringe.

Ek was vandag (Sondag 8 Julie) daar saam met vriende en dit was heerlik! Daar was nie 'n stormloop van mense nie - net 'n lekker gesinsdag vir almal.

Eintlik was dit 'n heerlike wintersdag in die buitelug, sonder om selfs te ver van die huis af te wees. 'n Heerlike opvoedingsgeleentheid met pret daarby!



# Gesinne in Harmonie

Volume 16, Julie 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## *Huis Quanessa*

Huis Quanessa is 'n huis in ons gemeente vir kinders met gestremdhede. Hierdie kinders het 24 uur per dag versorging nodig en daar is tans 30 inwoners.

Dit is een van die enigste plekke in Pretoria waar kinders onder 16 jaar versorg kan word, maar die aanvraag is te groot om te hanteer.

Enigeen wat behulpsaam wil wees om in die spesifieke behoeftes van Huis Quanessa te help voorsien, kan die volgende mense skakel:

- Jan Nieuwoudt (083 273 3393)
- Donette de Waal (083 644 5906)

Behalwe om by te dra ten opsigte van fisiese versorgingsmiddele of lewensmiddele, is dit ook belangrik om die personeel en huisouers in jul gebede te onthou en te ondersteun.

## *Ons Huisreëls:*

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. Tree altyd toepaslik op

- Anoniem -

## *Keuses - Hoe kies ek tussen reg of verkeerd?*

Die lewe is vol keuses. Ons as volwassenes word daaglik met lewensbelangrike keuses gekonfronteer. As jy terugkyk oor jou lewe, is daar definitiewe keuses wat jy gemaak het wat die rigting in jou lewe bepaal het - soms ten goede, soms nie.

Hoeveel waarde heg jy aan die keuses wat jy maak of gemaak het? Dink byvoorbeeld net aan die afgelope week of maand. Hoeveel keuses het jy gemaak wat 'n lewensbepaalde impak gehad het?

Daar is natuurlik ook die daaglikse keuses soos wat om te maak vir ete, wat om in te pak, watter paar skoene om aan te trek, hoeveel sakgeld om vir jou kind te gee, ens.

Hoe onderskei ons dus tussen reg en verkeerd? Waar trek ons die spreekwoordelike streep? Hoe leer ek my kind om te kies? Wanneer is 'n keuse reg en wanneer is dit verkeerd? Vir wie is dit reg en vir wie is dit verkeerd?

Dit wat ek byvoorbeeld sien as reg, mag dalk vir jou verkeerd wees, want jy leef in ander omstandighede, het 'n ander verwysingsraamwerk en jou lewe het dalk 'n ander fokus as myne.

Die antwoord is nie maklik nie. Ek dink ook nie dat daar noodwendig net een antwoord is nie. Keuses is daar juis omdat ons verskillende mense met verskillende waardes en smake is, verskillende idees het en ook verskillend opgevoed is.

Maar, wat ons saambind, is dat ons kinders van God is en dus Sy wil eerste moet soek om uit te vind hoe ons ons keuses moet maak. Wanneer ons 'n verhouding met God bou en daaglik meer en meer bewus raak van Sy karakter en wil, word die maak van keuses ook makliker.

Om vir my kind te leer dat 'n rooi trui nie by 'n pers broek gaan mooi lyk nie, mag hom dalk leer van kleure wat bymekaar pas, maar dit leer hom nog nie om sy eie lewenskeuses te maak nie.

Om hom toe te laat om ongeskik met my te praat en sonder respek op te tree, leer hom dat ek as ouer nie selfrespek het nie en slegte maniere goedkeur. Dit het tot gevolg dat hy dalk later by die skool of in sy werk moeilikheid met gesag het.

In elke keuse wat ek as ouer maak, moet ek dus oorweeg of dit wat ek wil bereik enige ewigheidswaarde het. Dit help ook om die voor- en nadele van verskillende keuses te bespreek as gesin.

En soms is dit ook nodig dat kinders moet weet dat hul enigste keuse op 'n bepaalde tydstip hul eie gesindhede is... Net soos wat ons as ouers dit ook soms moet onthou!

*En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.*

*Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.*

*Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

*Romeine 12:1-2*





# Gesinne in Harmonie

Volume 16, Julie 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Boekwurms

Jy is wat jy lees!  
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

## Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

## Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

[kinders@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:kinders@rietfontein-suid.ng.org.za)

of

[diens@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:diens@rietfontein-suid.ng.org.za)

## 'n Boek vir elke huis

Een van die interessantste boeke wat ek raakgeloop het die afgelope tyd, is **1000+ Wenke vir die Huis** geskryf deur Solet Scheeres en uitgegee deur Human & Rousseau.

Daar is letterlik wenke vir elke situasie en die hoofstukke is ingedeel soos volg -

- Orden jou lewe
- Skoonmaakwenke
- Vlekkegids
- Die slaapkamer
- Die badkamer
- Die kombuis
- Die huis binne en buite
- Jou elektronika
- Selfdoenwenke
- Die gesin
- Jou troeteldiere
- Plante in die huis
- Die tuin
- Die buitelewe
- Die motor
- Groen wenke vir die huis

'n Paar van die wenke net om julle 'n voorsmakie te gee - gaan draai gerus in jou naaste boekwinkel en kyk 'n bietjie hoe lyk dit. Die uitleg is eenvoudig en dis baie maklik om by 'n wenk uit te kom.

Bêre belangrike dokumente en waarborge op een plek bymekaar

Keer katte by jou asblikke deur peper te strooi rondom die asblikke

Maak jou eie skoppie  
Vat 'n vierkantige vyfliter-olieblik. Gebruik die handvatsele gedeelte en sny die bokant teen 'n hoek van 45 grade na ondertoe af. Druk die skerp kante in

Roeskolle in koekpanne  
Strooi die seepkorrels vir 'n skottelgoedwasser oor die roeskolle en vryf dit in met 'n halwe rou aartappel. Spoel goed af.

Hoe haal jy balpuntepen - ink uit jou klere?

Vryf tandepasta op die merk en spoel dit in koue water af

Of

Gebruik brandspiritus of gliserien met 'n paar druppels ammoniak

Doop skroewe eers in kouelym voordat jy dit inskroef - dit sal baie langer hou

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

**Die Koffiepot**  
vir Volume 1-3 van **Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!**

## Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnommer:  
084 464 7102

Epos:  
[peet@productivitysa.co.za](mailto:peet@productivitysa.co.za)

## Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:  
071 6488 656

Epos:  
[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

## Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnommer:  
082 453 8421

Epos:  
[brendabarnard@gmail.com](mailto:brendabarnard@gmail.com)

## Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnommer:  
084 038 8993

Epos:  
[caddvanzyl@absamail.co.za](mailto:caddvanzyl@absamail.co.za)

## Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnommer:  
083 420 2217

Epos:  
[djennadia@gmail.com](mailto:djennadia@gmail.com)

## Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:  
082 453 8421

Epos:  
[lspreeth@sars.gov.za](mailto:lspreeth@sars.gov.za)

## Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnommer:  
082 444 1112

Epos:  
[phmalan@gmail.com](mailto:phmalan@gmail.com)